



Sentrum vir
**GRONDWETLIKE
REGTE**

SGR VERWELKOM APPÈLHOF SE BESLISSING IN AL-BASHIR-APPÈLAANSOEK

Me Phephelaphi Dube, Regsbeampte: Sentrum vir Grondwetlike Regte

Die Sentrum vir Grondwetlike Regte (SGR) verwelkom die uitslag in die regering se appèlaansoek in die al-Bashir-saak, wat deur die Appèlhof van die hand gewys is, as as 'n belangrike bevestiging van die oppergesag van die reg. Artikel 2 van die Grondwet bevestig die Oppergesag van die Grondwet en bepaal dat enige wet of optrede wat nie met die Grondwet ooreenstem nie, ongeldig is, en voorts dat verpligtinge wat deur die Grondwet daargestel word, uitgevoer moet word. Daar is geen uitsondering op hierdie verpligting nie.

Voorts is Suid-Afrika grondwetlik verplig deur die bepalings van die *Wet op die Implementering van die Statuut van Rome van die Internasionale Strafhof, Wet 27 van 2002* (die ICC-wet), wat die land se Internasionale Reg-verpligtinge kragtens die *Statuut van Rome van die Internasionale Strafhof* (die Statuut van Rome) inkorporeer.

As gevolg van die ondersoek deur die Internasionale Strafhof (ICC) word President al-Bashir beskuldig van ernstige internasionale misdade, met inbegrip van oorlogsmisdade, misdade teen die mensdom en aanklagte van volksmoord. Die voorverhoorkamer van die ICC het lasbriewe vir arrestasie uitgereik, wat gestuur is aan alle lande wat partye tot die Statuut van Rome is, met inbegrip van Suid-Afrika, met 'n versoek dat hulle saamwerk ingevolge die Statuut van Rome, dat President al-Bashir in hegtenis geneem word en aan die ICC uitgelewer word.

Daar is drie belangrike oorwegings wat uit die besluit spruit. Eerstens is dit die ondubbelsinnige verwerping van immunitet as verweer. Die regering het aangevoer dat President al-Bashir in Suid-Afrika aangekom het om die Afrika-unie se vergadering in Junie 2015 by te woon, en immuun was teen arrestasie. In hierdie verband het die Appèlhof bevind dat toe die ICC-wet aanvaar is, dit met die verstande was dat geen vorm van immunitet, met inbegrip van immunitet vir staatshoofde, vervolging van internasionale misdade in die land kan verhoed nie. Suid-Afrika moet ook met die Internasionale Strafhof saamwerk ten opsigte van die arrestasie en uitlewering van persone wat van sodanige misdade deur die Internasionale Strafhof aangekla word, waar 'n lasbrief uitgereik is en 'n versoek om samewerking gerig is.

Tweedens is dit rede tot kommer dat dit wil voorkom of die Noord-Gautengse Hoë Hof in die aanvanklike aansoek om lasbrief vir arrestasie vir die aanhouding van President al-Bashir, doelbewus mislei is. Die Appèlhof het daarop gewys dat President al-Bashir toegelaat is om die land in die geheim vanaf die Waterkloof-militêre basis te verlaat, terwyl die Hoë Hof ter selfde tyd die versekering van die staat se regsverteenvoerder gehad het dat hy steeds in die land was. Daar is 'n lang lys van regsuitsprake in Suid-Afrikaanse howe wat die idee herbevestig dat regsverteenvoeders, as Beamptes van die Howe, 'n plig het om eerlik, bewustelik en openlik op te tree. Hulle is ook verplig om nie die howe te mislei nie en om belangrike inligting te verstrek. Die Hof waarsku egter dat die verteenwoordigers van die Regering óf ten doel gehad het om die Hof te mislei en sy regsverteenvoeders mislei het



Sentrum vir
**GRONDWETLIKE
REGTE**

in sy instruksies, óf die regsverteenwoordigers het die Hof mislei. In ieder geval het die Hof bevind dat hierdie doelbewuste misleiding van die Hof neerkom op skandelige gedrag.

Derdens beteken dit dat Suid-Afrika oor 'n lasbrief om arrestasie vir die Soedanese President beskik, wat ongetwyfeld deur die Regering in ag geneem sal moet word ten opsigte van sy voortgesette diplomatieke verhoudinge met Soedan. Die Appèlhof se beslissing stel 'n bindende presedent daar betreffende die laer howe, sou 'n soortgelyke saak voorkom.

Die besluit bring groter duidelikheid oor hoe internasionale reg in Suid-Afrika toegepas moet word. In lig van oënskynlik teenstrydige bepalings oor immuniteit, wat wissel van internasionale gewoontereg tot regspraak van internasionale tribunaal, met inbegrip van die Internasionale Hof van Justisie, was dit nodig vir die Appèlhof om te beslis oor of President al-Bashir immuniteit geniet het of nie. Die Hof het besluit dat omdat die Parlement Suid-Afrika se verpligtinge kragtens die *Statuut van Rome van die Internasionale Strafhof* in ons plaaslike reg inkorporeer het, President al-Bashir nie immuniteit geniet nie. Dit is 'n belangrike bevestiging van die Oppergesag van die Reg.